

Deel 4, No. 1.

September, 1954

Volume 4, No. 1.

Pretoriania

MERENSKA BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

7 SEP 1954

Kiesnummer

05(68)

Registernummer

P411



Genootskap Oud-Pretoria

Association Old Pretoria

Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

Editorial/Redaksioneel: Dit was nie die Einde nie.

M. B. Naidoo: The President.

The Statue.

The Exile.

Dr. W. Punt: 'n Besoek aan Villa Dubochet.

A. Mayer: The Exile of the Villa Dubochet.

Dr. T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal. IV.

A. A. Roberts: The old Oak Trees.

Korrespondensie/Correspondence.

In Pretoria

... sedert 1877

In Suid-Afrika

... sedert 1862

Meer as 'n driekwart-eeu gelede, toe die eerste tak in Pretoria gestig is, het die Standard Bank reeds sy plek vol gestaan onder die baanbrekers in Transvaal. Sedert sy vestiging in Suid-Afrika in 1862 was die Standard Bank steeds ten nouste verbonde aan elke fase van die landboukundige, handels- en nywerheidsontwikkeling van ons land

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

Reeds 92 jaar in Suid-Afrika se diens

— DIT WAS NIE DIE EINDE NIE —

VYFTIG jaar gelede is die oorskot van Paul Kruger onder blyke van groot belangstelling en deelneming in Pretoria begrawe. Die vyande van die Boer het onder die indruk verkeer dat die Republikeinse ideaal van die Afrikaner soos dit verpersoonlik is in die persoon van Paul Kruger, ook terselfdertyd vernietig is.

Daar is egter nie rekening gehou met die feit dat 'n ideaal nie tot niet gemaak kon word met die uitwis van 'n nasie se onafhanklikheid nie. Die teendeel is waar naamlik dat daar teen 'n dusdanige gewelddadige opotrede 'n hewige reaksie ingetree het. Die geskiedenisverloop van die afgelope vyftig jaar het dan ook in die teken gestaan van die gestadige herstel van dit wat ons deur middel van geweld ontneem is. Die omswerwinge van die Kruger-Standbeeld tipeer in werklikheid die verskillende fases van hierdie vyftigjarige vryheidstryd. Met die uiteindelike verskuiwing van die beeld na Kerkplein kan ons vandag vryelik beweer dat ook daardie stryd uiteindelik byna voltooi is. „**Krugerisme**” soos baie mense Kruger se Republikeinse ideaal wou kenskets, is dus nooit geblus nie. Aan sy ideaal het daar geen einde gekom nie want in werklikheid was dit nie Kruger se ideaal nie maar sy volk se ideaal. Hy het dit alleen maar vertolk en is dit dus in hom verpersoonlik. Selfs nie-Afrikaners begin dit vandag besef. Daarom is die toespraak van die vise-hoof van die Sastri Indiërs Kollege in Natal wat in hierdie uitgawe opgeneem is, van soveel belang. Ons hoop ons lezers sal die opname daarvan in dié lig begryp en aanvaar.

Ons is dankbaar om te merk dat die idee by mense begin posvat naamlik dat respek vir die tradisies van die ander groep waaragtige Christelike Nasionalisme impliseer. Wanneer ons die tradisies van ander as van minder belang beskou, dan het ons imperialiste geword.

RED.



Photo: P. J. Engelbrecht

The unity of the group had been broken and suddenly an atmosphere of grotesque unreality surrounded the statue. Its journey down Kruger Street became a carnival

THE PRESIDENT

This speech was delivered by M. B. Naidoo, vice-principal of the Sastri Indian College, Durban, at Caux (Switzerland) on the 15th July, 1954. The occasion was a world conference of the Moral Rearmament Movement.

YESTERDAY was the anniversary of Paul Kruger and it is only fitting that as a South African I should pay homage and tribute to the memory of a great South African whose vision and statesmanship had paved the way for South Africa's economic prosperity. One cannot help admiring a man who carried in his veins the blood of the Afrikaner and one who derived his inspiration and his entire philosophy of life from the Holy Bible. At the twilight of his political career, he found Asylum along the beautiful shores of lake Geneva and his troubled mind seared by the frustrations and sorrows of the events in South Africa, found solace and divine fellowship in the precincts of Caux.

Whatever be our political and social disabilities, as South Africans, we cannot help but recognise the greatness of one who will for ever be revered as one of the most illustrious sons of our country.

M. B. NAIDOO.


Caux.
15th July, 1954.

THE STATUE

ON the 20th of August, 1895, Mr. P. Samuel Marks donated £10,000 for the purpose of erecting a statue of President Kruger on Church Square. This gift from a rich Jew of Johannesburg, was meant as a gesture of goodwill and esteem by all the subjects of the Transvaal Republic no matter to what denomination they belonged.

A young sculptor, Anton van Wouw, was instructed with the task of completing the work. For this purpose he had to go to Europe where the statue was eventually poured in bronze in Italy in the foundries of the famous Bruno.

Unfortunately the war intervened with the result that the statue could not be erected on the pedestal which was prepared to receive it on Church Square. After the war the British authorities ordered the removal of the pedestal. Eventually, after many wanderings, the statue was erected in



*The huge bronze statue hangs grotesquely
in midair*

front of the Pretoria railway station in 1925. It was whispered that Church Square was reserved for a statue of Lord Roberts . . .

After much bickering and heartbreaking arguments, permission was at last granted for the removal of the Kruger statue to Church Square. On the 29th of June, the statue was slowly but firmly placed on its pedestal in the centre of Church Square. The unveiling ceremony will take place on the 11th of October on which occasion the Hon. Dr. D. F. Malan, Prime Minister of the Union of South Africa, will be the principle speaker.

President Kruger has at last come home to his people . . .

THE EXILE

ON the 14th of July, 1904, one of the greatest sons of South Africa, a man who made an imperishable impression on the minds of all South Africans, died in Clarens, Switzerland, as a voluntary exile.

"On the morning of the 14th, at four minutes past three, His Hon. the President, passed away peacefully. He suffered no pain," wrote Mr. H. C. Bredell, his private secretary, seven days later.

With his tragic death came to an end four heartbreaking years that he had spent in Europe whilst in the meantime his fair country was occupied by British troops and the independence of the Transvaal had consequently been irrevocably lost. During the first period of his stay in Europe the old President became the symbol of independence and freedom to the minds of the people of Europe. At the time of his death however, after the independence of his country had been destroyed, he retired into obscurity without thereby causing the memory of his tragic greatness to disappear from the European mind.

President Kruger, in his last moments, was assisted by his son-in-law, and his daughter, Mr. and Mrs. Frikkie Elof, and by Mr. Bredell and Dr. A. Heymans, his personal physician.

Bredell, relating these last sad days, stated that the President carried his terrible burden with a super human stoical calm and uncomplaining physical indifference. While his strength was slowly failing him and the last moments drew inexorably near, his thoughts were continuously with his defeated people. *"No complaint, however, or sign of dissatisfaction was heard or noticed,"* wrote Bredell. God's decision was to him final and was to be accepted without question.

When the British troops occupied Pretoria on the 5th of June, 1900,



CHURCH SQUARE ± 1904

Photo: R. O. Basson

the seventy five year old President and members of the Transvaal Government had already established themselves at Machadodorp, in the Eastern Transvaal near the Portuguese boundary. In September of that year the British troops also overran the Eastern parts of Transvaal whereupon the Executive Council decided to grant the President the necessary leave to go to Europe where he would be enabled to state the case of the Transvaal in the courtrooms of Europe.

On the 11th of September he left for Lourenco Marques where he boarded the Dutch warship "**Gelderland**" which was sent to the harbour by Queen Wilhelmina of the Netherlands in order to convey him to Europe. On the 22nd of November he landed at Marseilles in the South of France. Ninety seven years previously the French had occasion to welcome back from exile their own Napoleon —. This time they welcomed a foreigner, a stranger, who had come to state his country's case. One hundred and fifty thousand Frenchmen gave him a tumultuous ovation as he drove through the streets to his hotel Noailles. Their hearts went out to him. The roar of welcome re-echoed throughout Europe. Everywhere he went the **people** received him with open arms, because the people of Europe saw in him a long lost but cherished symbol.

The President's entrance into Paris was described as a "triumphal procession". Poor and rich, nobles and servants, joined in this great welcome.

But while the people of Europe welcomed him, the political leaders of Europe had other ideas and his call on them to see that justice be done, was fruitless. The Kaiser of Germany went so far as to refuse to receive him. The Kaiser explained that a visit by President Kruger to his court would be tantamount to a declaration of war by Germany on England. — Fourteen years later the Kaiser too was an exile . . .

While the war lasted President Kruger stayed within the boundaries of the Netherlands.

After the peace treaty of Vereeniging was signed, President Kruger refused to return to his country because though he was born under the British flag, he was determined not to die under it. Though everything was lost for which he had worked and struggled throughout his life, he did not despair for the future of his country, because he knew and understood the resurgent, noble and inherent qualities of his people.

Of his belief in the future of his nation, he continuously reminded those around him in their moments of despondency. He believed that his people would go forward ennobled by their suffering and in his last message to them he called upon them to seek in the past all that is noble and good and to build thereon their future.

After his death his remains were brought to Cape Town in a Dutch boat. He was buried in Pretoria on the 16th of December, 1904, next to his beloved wife.



(Museum, Alb. D No. 103)

THE BURIAL OF PRESIDENT KRUGER: OLD ARTILLERYMEN WHO ACTED AS GUARD OF HONOUR

'N BESOEK AAN VILLA DUBOCHE 17, CLARENS

Tydens my reis deur Switzerland in Augustus 1953, het ek 'n besoek aan die sterfhuis van President Kruger in Clarens gebring. In opdrag van die Genootskap Oud-Pretoria en die Krugergenootskap, moes ek twee foto's van Pretoria aan die huis skenk.

Villa Dubochet lê aan die meer van Geneve in 'n rustige wyk van die tweeling dorp Montreux-Clarens. Die huis het 'n mooi groot tuin en beide huis en tuin word pragtig deur die oppassers, madame en meneer Pfluger versorg. Jammer genoeg is die sterfhuis vandag feitlik ongemeubeleerd. Alleen in die sitkamer is 'n paar meubelstukke te sien, terwyl 'n enkele Krugerskildery aan die muur hang.

Die ander kamers is leeg, alhoewel op die boonste verdieping in twee slaapkamers 'n paar ledikante te sien is. Alle oorspronklike meubelstukke uit Kruger se dae is verwyder, sodat alleen die gebou ons aan ons President herinner. Besoekers kla dan ook tereg dat daar uiters weining in die huis te sien is en dat daar geen besienswaardighede is wat die verband tussen die huis en Transvaal aantoon nie. **Die volk van Suid-Afrika moet toesien dat die huis weer gemeubeleer word, sodat Villa Dubochet in alle opsigte ons land tot ere sal strek.**

In hierdie opsig het die twee genootskappe 'n mooi voorbeeld gestel, want op inisiatief van Oud-Pretoria hang nou aan die sitkamermuur twee pragtige foto's van geboue in Pretoria.

Ons Genootskap het 'n begroting van die Goewermentsgebou op Kerkplein uit omstreeks 1895, geskenk. Op 'n silwerplaatjie, wat aan die lys bevestig is, staan in Afrikaans, Engels, Frans en Duits geskryf dat die foto 'n geskenk van die Genootskap Oud-Pretoria is.

Die Krugergenootskap het 'n groot moderne foto van die Gereformeerde kerk op die hoek van Kerk- en Potgieterstraat gegee. Ook hierdie foto het 'n silwerplaatjie waarop die besonderhede van die gif in vier tale gegraveer is.

Beide foto's bring 'n brokkie uit die geskiedenis van Kruger se lewe en Pretoria na die sitkamer van Villa Dubochet, en tussen die afbeeldinge van sy kerk en regeringsgebou, hang die beeltenis van die President. Maar veel meer meubels, foto's, leesstof, ens., moet aan die huis geskenk word om aan die oorsese besoeker 'n indruk van die stad van Kruger te gee en iets van sy geskiedenis bekend te maak.

Op 5 Augustus 1953, het ek die twee foto's in die Villa in teenwoordigheid van agt persone, waaronder meneer Albert Mayer, burgermeester van Montreux, opgehang. Aan die gehoor het ek die doel van my besoek verduidelik en o.a. die hoop uitgespreek dat die Villa spoedig nog veel meer geskenke uit Suid-Afrika sal ontvang. Burgermeester Mayer het hierop geantwoord en onderstaande toespraak in Frans gelewer waarvan hy my 'n Engelse vertaling gegee het.



Kruger's Family Graves, Pretoria.

Photo: Vanleer

HE WAS BROUGHT BACK TO US—THE EXILE OF THE VILLAS DUBOCHE

Meneer Mayer het namens Montreux se toeristeburo belowe dat aan my versoek voldoen sal word, n.l. om 'n aanwysingsbord na die Kruger-sterfhuis in die hoofstraat van Clarens-Montreux op te rig, want Villa Dubochet 17 is moeilik te vinde.

Verlede jaar is die sterfhuis deur ongeveer 500 persone besoek, maar hierdie getal sal toeneem sodra die huis meer besienswaardighede bevat en beter bekend word.

*Speech by Mr. A. MAYER, Mayor of Montreux
(Switzerland):*

THE EXILE OF THE "VILLA DUBOCHE"

There is another exile, Paul Kruger, formerly president of the Transvaal. We cannot but call forth his strong broad shoulders, his long white beard, as he lived far from his lost country in the oasis of the villas Dubochet in Clarens. The man who for hours remained sitting on his balcony, looking out wistfully at the expanse of the lake, had enjoyed a happy life in the beginning, but singularly tragic afterwards. He was born in 1825 in South Africa. In 1883, he became the venerated and popular president of the Transvaal. The Boer-people he governed was courageous, bold and enterprising. Religious life marked by the biblical spirit born out of the Reformation by Calvin was very developed among those settlers who had cleared barren commons, built towns, raised a State. The discovery in the neighbouring ground of Kimberley and Johannesburg, of prodigious gold and diamond mines, attracted the notice of Europe's people. Thousands of adventurers came to try their luck and prospect the Boer soil.

Meanwhile, England, under the influence of great ministers and of a Queen possessing at the highest pitch the consciousness of the State, was bringing to an end the establishment, over the seas and oceans, of a vast and powerful empire. In 1899, war laid the Transvaal waste. Lord Kitchener's forces, after great and hard battles, occupied the Boerland and notwithstanding their heroic resistance, completely defeated the "Afrikaners." It is not of our concern to enter here into political details regarding this conquest. Let us say simply that the old President "Uncle Paul" as he was called, came to Europe in 1900 to ask the great European powers to take an interest in the destiny of his country. His steps remained useless! Then began for him the exile in Clarens, as Quinet had known in Veytaux.

Paul Kruger lived in the house which bears the number 17 in the Villas Dubochet. He liked to walk through the shady groves of this charming quarter, admiring the beautiful scenery that surrounded it. But his thoughts were ever carried off to other shores where were rolling the big waves of the ocean. He was dreaming then of his people, of his town of Pretoria. He was dreaming . . . and death overtook him, on the 14th July, 1904, while on the Savoy coast they were celebrating their national holiday in memory

of the taking of the Bastille and the conquest of Liberty . . . To-day a slab affixed on the No. 17 of the Villas Dubochet recalls to the passer-by the exile and death of President Kruger. Before the slab, Dr. Malan, the new Chief of the South African State, came to meditate in the spring of the year 1949, bringing thus to the shadow of the old President the salute of his distant native country.

DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL

Deur T. S. VAN ROOYEN

DEEL IV.

In ons vorige uitgawe het ons gesien hoedat Jan Kekana sy uiterste bes probeer het om die werkzaamhede van eerv. Knothe op Wallmannsthal te laat verongeluk. Sy optrede het dan ook tot gevolg gehad dat daar ernstige beroeringe en tweedrag onder die gemeente ontstaan het. Eerv. Knothe het egter ferm opgetree en met die verbanning van Kekana en 'n groot gedeelte van sy volgelinge, het daar gelukkig weer 'n toestand van rus ontstaan en kon eerv. Knothe met die opbou van die sendingstasie voortgaan.

I.

Ons is nie alleen vir hierdie aarde geskape nie. Die jaar 1873 was 'n uiter moeilike jaar. Die gevreesde koors het sy slagoffers onder blankes so wel as nie-blankes geeis. Beskrywing van die nuwe woonhuis op Wallmannsthal. 'n Onuithoudbare hittegolf teister die gebied.

Uittreksel uit 'n brief van Knothe aan sy suster Anna, 31 Desember 1873:

„Die afgelope jaar was vir ons regtig maar 'n moeilike jaar, maar gelukkig het die Heer ons steeds bygestaan. Byna elke jaar heers die koors hier straf. Dit skyn asof ons hierdie jaar die teistering vry sal spring, maar 'n mens behoort nie ooroptimisties te wees nie aangesien die koorstyd eers teen Januarie en Maart aanbreek.

God kom die eer toe dat ons nou gelukkig 'n groot mooi en koel huis kon betrek. Die huis is 53 voet lank en 37 voet breed en is tot aan die spits van die dak 15 voet hoog. 'n Groot veranda verhoed dat die son te skerp teen die mure en vensters skyn. Agter die huis is daar 'n agterplaas wat deur 'n muur omring word. Daaragter is daar nog 'n hele paar buitegeboue. In die middel van die agterplaas staan daar 'n seringboom. Die huis staan op 'n heuwel. Nie ver daarvandaan af nie, is die halfvoltooide nuwe kerk. Voor die huis staan daar 'n hele paar alwyn- en oleanderbome terwyl 'n

breë pad vanaf die huis tot onder in die tuin wat aan die voet van die heuwel aangelê is, loop. Dit is 'n pragtige groot tuin maar is op die oomblik nog nie soos ek dit graag wil hê nie. Ek het egter dusver daarin geslaag om druwe, perskes, vye, piesangs, aarbeie, mielies, suikerriet, granate, blomme en groente daarin te kweek. Anderkant die tuin en die spruit is die weiveld. Vanaf die huis het ons 'n pragtige uitsig oor die tuin en die veld.

Op die oomblik word die distrik deur 'n afmattende hittegolf geteister. Selfs gedurende die nag is dit byna onuithoudbaar. Daar by julle is dit natuurlik op die oomblik verskriklik koud."

II.

DIE arme Kekana het steeds dieper verval. Somtyds probeer hy huigel en besoek Knothe, ween warm trane by hom, praat van terugkeer, maar dit alles was duidelike huigelary. In werklikheid het hy van hierdie besoeke gebruik gemaak om die inwoners van Wallmannsthal te probeer ophits en hulle om te praat om weg te trek.

In 'n poging om sy status in die oë van sy volgelinge te verhoog, het hy onderhandelinge met die sendelinge van die Metodistesending aangeknoop. Hulle het ook werklikwaar bo verwagting 'n sendeling na hom toe gestuur maar daar is weldra besef dat Kekana se bedoelings nie eerlik is nie en is hierdie sendeling gevollerlik teruggeroep. Toe hierdie plan van hom dus misluk, het hy voorgegee dat hy miskien na Wallmannsthal sou terugkeer aangesien Knothe hom terug geroep het, terwyl hy aan die anderkant aan Knothe weer vertel het dat dit sy volgelinge is wat wou terugtrek!

Hierdie deursigtige huigelspel van hom het hom duur te staan gekom aangesien sowat een derde van sy volgelinge van hom af weggebreek en na die sendingstasie terug gekeer het. Een van Kekana se hoofmanne naamlik Makopane, wat geweier het om na Wallmannsthal terug te keer, se vrou, moeder en skoondogter, het hom verlaat en saam met die ander terug gekeer aangesien hulle eerder as Christene wou leef as om langer tussen die heidene te woon.

Die arme Kekana het hom dus heeltemal misreken. Hy het probeer om 'n selfstandige en invloedryke kaptein te word terwyl hy in werklikheid die meeste van sy volgelinge verloor het. Selfs onder sy volgelinge het daar nou tweedrag ontstaan terwyl Kekana uit moedeloosheid hom aan die brandewynmonster oorgegee het. Hy het selfs sy vrou mishandel en in sy waansin gehoop om haar te dwing om van hom weg te vlug en haar kinders sodoende onder sy duiwelse invloed agter te laat. Hierdie plan het ook misluk en het hy altyd dieper in die moeras van immoraliteit, dronkenskap en huigelary weggesink. Uiteindelik het hy na die Diamantvelde uitgewyk.

Soos hierbo opgemerk, het 'n derde van sy volgelinge weer na Wallmannsthal terug gekeer. Hierdie groep het nou getoon dat hulle begerig



Die ou Sendinghuis. Die persoon wat voor die huis staan is Daniel Mokane, 'n Bantoe-evangelis

is om ware Christene te wees en het daar nou 'n algemene gees van saamhorigheid en rus te Wallmannsthal geheers. Knothe het ook nou die wyse stap gedoen om die kapteinskappe af te skaf en alle gemeentelike aangeleenthede aan die gemeenskapsraad wat bestaan het uit die meerderjarige manlike inwoners, oor te laat,

III.

Grensend aan Wallmannsthal het die Ndebelehoofman Selape gewoon. Hy was onderhorigheid verskuldig aan kaptein Ntsaope wat met sy volk nie vêr daarvanaf gewoon het nie. Aangesien die Blanke boere nie langer wou toelaat dat Selape op hul gronde woon nie, het hulle die President van die Republiek genader met die versoek om nuwe woonplek aan hierdie Naturelle te gee. Die President het aanbeveel dat hulle na Wallmannsthal trek en aangesien Wallmannsthal in werklikheid die oorspronklike gebied van hierdie Ndebele was waarvandaan Bapo, Mankopane en Mapog uitgewyk het, het hierdie plan van die President die goedkeuring van Selape en sy volgelinge weggedra. Net so welkom was hierdie plan vir die sendinge wat reeds sinds 1866 probeer het om hierdie stamme te bearbei. Op die 1ste September 1873 het Selape met sowat 300 van sy volgelinge na Wallmannsthal getrek. Die teks wat Knothe daardie dag voorgelees het, was uit Jesaja 53 vers 12: „*Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel . . .*”

Selape kon egter alleenlik onder die volgende voorwaardes op die sendingplaas bly: Die kaptein sou geeneen van sy volgelinge weerhou om dienste by te woon nie; die wette van die Z.A.R. moes streng nagekom word en sy volgelinge moes jaarliks 'n gedeelte van die oes afstaan ter bestryding van die onkoste in die algemeen. Selape het voorgegee dat hy met hierdie voorwaardes tevrede was, maar hy was in werklikheid 'n „**Letebele**”—'n Leuenaar—en het vir geen oomblik daaraan gedink om hierdie voorwaardes na te kom nie. 'n Seun van hom wat kort hierna gebore is, het hy „*Leraar*” gedoop en het verder uiterlik voorgegee asof hy op goeie voet met Knothe sou verkeer, maar hy het sy volgelinge in die geheim beveel om nie die dienste by te woon nie. Eers op die 14de Desember het 'n paar van hulle vir die eerste keer die diens bygewoon. Knothe het nogtans gehoop dat hulle weldra tot ander insigte sou kom. Nienteenstaande hierdie onderkruipery van Selape, het die eerste paar hulle ook nou vir dooponderrig aangemeld. Selape het uit vrees dat al sy volgelinge hulle sou bekeer, by die Regering aansoek gedoen vir 'n ander stuk grond waarop hulle kon gaan woon. Die Regering het egter aanbeveel dat hy van hierdie plan moet afsien.

Nsaope het ook ondertussen sy woonplek verlaat. Sy volk is in drie dele verdeel. Die kleinste groep het saam met hul kaptein op 'n boerplaas gaan woon, terwyl die res hul op Wallmannsthal kom vestig het.

Wallmannsthal se inwoners is ook verheug oor die bekering — soos

dit voorgekom het — van die ou hoofman Molebeledi. Nadat hierdie ou halstarrige hoofman eendag na 'n Pinksterpreek van Knothe geluister het, het hy Knothe genader met die versoek om weereens tot die Katkisasie-klasse toegelaat te word. Sedertdien het hy die klasse met groot belangstelling en vlyt bygewoon. Ook het hy twee van sy kinders gereeld na die skool gestuur en dit het geskyn asof dit hierdie keer erns met hom was wat betref sy begeerte om gedoop te word. Die onderrig van hierdie hoofman is egter nie deur Knothe enduit voltooi nie, aangesien Knothe op die 6de Desember 1878 na Houtbos (Noord-Transvaal) verplaas is.

IV.

Die versterkte gemeente het hul intussen besig gehou met die bou van 'n nuwe kerk. Arbeidspanne is op 'n vrywillige basis gevorm, en het elke groep om die beurt dekgras gesny, stene gemaak en gebrand, klippe aangery, asook die algemene arbeid verbonde aan die eintlike bou van die kerk gedoen, sodat daar alleenlik direkte geldelike uitgawe verbonde aan die koop van die deure, vensterruite en dakbalke was. Dit het natuurlik 'n groot geldelike besparing meegebring. Die hele gebou het uiteindelik maar £30 gekos! Die kerk is die eerste Sondag na Hemelvaartdag in 1874 ingewy. Dit was voorwaar 'n dag van groot vreugde vir eerw. Knothe en sy gemeente gewees.

Eerw. Knothe kon gevolglik in sy rapporte met trots melding maak van die prestasies van sy gemeente. Hulle het Gods Huis en Sy Woord lief gehad, en in moeilike dae het Hy hul geleei. Christelike gewoontes het weldra die ou heidense begin vervang. Selfs met Kersfees het die kersfeesstemming in die vorm van geslagte speenvarkies nie uitgebly nie!

Die godsdienstige byeenkomste is ook pragtig bygewoon, die opkomste was selfs só groot dat Knothe na drie jaar verplig was om die kerk te vergroot. Die gemeente het besluit om die saal te omvorm in 'n kruiskerk. Ongelukkig is hierdie werksaamhede gedurende 1877 gestrem asgevolg van die droogte sodat daar nie na wense gevorder is met die maak van die stene nie omdat daar té min water was. Op die 10de Desember 1878 is daar gelukkig reeds sover met die voorbereidingswerk gevorder dat daar toe 'n aanvang met die eintlike bouwerk gemaak kon word. Ook is daar 'n aanvang gemaak met die bou van 'n skool. Aan die einde van 1877 het die gemeente uit 167 belydende lidmate bestaan. Toe die skool geopen is in Maart 1878, het hulle die vreugde gesmaak om 'n skaar van ses-en-sestig kinders op die skoolbanke te sien.

Toe Knothe in Desember 1878 van Wallmannsthal af vertrek het, het die gemeente bestaan uit 168 gedooptes terwyl 'n verdere 50 dooponderrig ontvang het.

V.

Gedurende die jare dat Knothe die fondamente van die sendingstasie gelê het en hy dikwels byna bomenslike teenslae wat sy werksaamhede

betref, teengekom het, is hy ook op ander meer persoonlike wyse beproef. Soos dit 'n ooprege gelowige betaam, het hy daarin geslaag om selfs die diepste smart te bowe te kom.

Hieronder volg daar uittreksels uit 'n brief wat hy op 11 Maart 1875 aan sy broer Rudolf, geskryf het:

„ . . . Ag, hoe vlieg die weke en maande tog nie verby nie. Eintlik kom ek nooit tot rus nie aangesien ek immer meer wil doen as wat ek in werklikheid kan. Tog lyk dit of ek nooit my werk tot 'n einde kan bring nie. Om ledig te wees is ook nie goed vir my nie. . . .

„Ons almal voel daagliks die verlies van ons dierbare Truidatjie; ons verlang gedurig na haar en kan haar eenvoudig nie uit ons gedagtes kry nie. Nou net is my vrou na die slaapkamer geroep: „Magdalenatjie huil”. — Ons dogtertjie het aan haar sustertjie gedink en toe begin ween. Ons weet egter dat sy by haar Saligmaker en Heiland rus en dat sy daar baie beter daaraan toe is as wat sy dit ooit hier by ons kon hê. Ons berus in God se genade en ontferming — alleen die verlange na die liewe klein wese gryp ons immer weer aan. My liewe vrou stort nog baie trane op haar graf wat naby ons huis agter die kerk en net onderkant die venster voor die altaar is . . . ”


(Slot volg).

THE OLD OAK TREES

EARLY this month there appeared in the "Pretoria News" a photo of the old oaks in front of 303 Visagie Street, and the accompanying letter-press suggested that the house had been occupied by Gen. Nicolaas Smit and that the oaks had been planted by President Burgers.

I had always understood that these oaks, which formed part of a row extending the whole length of the block, had been planted by Jacobus Nicolaas Boshoff, my grand-uncle. He certainly occupied the house until his death in 1910. In view of the statement in the "News", I wrote to my brother E. Noel Roberts of Bloemfontein, who is married to a daughter of J. N. Boshoff. He replied as follows:

"Many thanks for your letter of 4.6.54 and the cutting from the "Pretoria News" of the 2nd. In 1882 Oupa J. N. Boshoff resigned his position as Landdrost at Boshof, and trekked in a *verewa* to Pretoria, on the invitation of President Kruger, to become Treasurer General of the S.A. Republic.



THE CONTROVERSIAL OAK TREES

Photo: P. J. ENGELBRECHT

Very shortly after arrival there he bought a large block of ground, out of town, on which stood a small house, which he occupied. The property was on the level ground, on the west bank of the Apiesrivier in the area expected to become *watererwe*. The house stood on the N.W. corner of the plot, nearest town, and had been enlarged a number of times before it became number 303 and faced on to Visagie Street. The plot included the whole of the block which is today bounded by van der Walt, Visagie, Prinsloo and Jacob Mare Streets.

Later Oupa Boshoff built 5 or 6 houses fronting on Visagie Street, and let them. The rest of the block was sold in portions. The smaller houses were sold after his death in 1910, and the old home in the late 1920's. So that, excluding the time the Boshoffs were at Paarl after the Boer War, they occupied 303 from late 1882 to about 1924.

Regarding the oaks, Oupa Boshoff himself planted them all along the North side of his property, presumably in the winter of 1882, and took a special pride in the fact. How he came to plant them a few feet beyond his ground, I never found out. Probably the street and beacons had not yet been accurately surveyed or marked.

It was not President Burgers who planted the oaks. Nor did Gen. Smit occupy 303 Visagie St. His home was almost certainly the big house on the corresponding N.W. corner of the adjoining block nearer the station, to the W. along Visagie St., and the same house in which his son Koos Smit afterwards lived.

For years after moving into 303 Oupa Boshoff used a footpath running fairly straight from his home to near to Church Street. I'll hunt up details as I find time."

A. A. ROBERTS.

KORRESPONDENSIE/CORRESPONDENCE

Die „Koninklijk Instituut van Ingenieurs“ en S. Wierda

Na aanleiding van mnr. H. M. Rex se belangrike bydrae oor mnr. Sytze Wierda, soos verskyn in „Pretoriania,” deel 3, no. 3, graag 'n paar besonderhede oor bogenoemde „Instituut” waarvan Wierda die eer gehad het om in die verenigingsjaar 1887-1888 een van die lede te wees.

In ons besit is 'n eksemplaar van die „Gedenkboek uitgegee ter gelegenheid van het vijftigjarig bestaan van het Koninklijk Instituut van Ingenieurs 1847-1897,” 'n lywige boekwerk verlug met 'n groot aantal voortreflike illustrasies van die hand van die Nederlandse kunstenaar E. van

Konijnenburg en vir die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek van belang omdat daarin op bls. 327 tot 329 'n bydrae „Spoorwegen in de Zuid-Afrikaansche Republiek” verskyn soos opgestel deur R. W. J. C. van den Wall Bake. Van den Wall Bake vermeld o.m. dat van die 48 ingenieurs wat deur die N.Z.A.S.M. agtereenvolgens uitgestuur is, 36 die ingenieursdiploma aan die „Polytechnische School” te Delft verwerf het.

Die reeds genoemde ingenieursvereniging se ontstaan is deur J. Tideman in die „Gedenkboek” geskets.

Kort nadat Frederik Willem Conrad, hoofingenieur van die „Hollandsche IJzeren Spoorweg” op 7.3.1843 as lid van die „Institution of Civil Engineers” (London) benoem is, het hy hom begin beywer om 'n soortgelyke vereniging in Nederland in die lewe te roep „bestemd om de kunst en die wetenschap van den ingenieur te bevorderen.” Conrad was tewens van gedagte dat dit 'n vereniging moet wees wat ingenieurs van verskillende vakke sou omvat. Conrad het sy planne met L. J. A. van der Kun en dr. Gerrit Simons (direkteur van die Koninklike Akademie vir die opleiding van burgerlike ingenieurs te Delft) bespreek. In Mei 1847 is 'n omsendbrief uitgestuur en in September is die latere Koning Willem III van Nederland versoek om die beskermheerskap en die ere-voorsitterskap van die op te rigte vereniging te aanvaar. Die Nederlandse owerheid het op 4 Februarie 1848 die oprigting van die „Instituut” en die reglement daarvan goedgekeur.

Reeds in 1851 is 'n afdeling van die „Instituut” te Soerabaja (Oos-Indië) opgerig wat in 1875 deur die afdeling „Nederlandsch-Indië” vervang is.

In die boekjaar 1883-1884 het die „Instituut” 944 lede getel, in 1897 was die ledetal 783.

Onder die lede van die „Instituut” was toonaangewende ingenieurs soos C. Lely, die vader van die plan om die Suidsee gedeeltelik droog te lê en dr. P. J. H. Cuypers die ontwerper van die „Centraal Station” te Amsterdam.

In verband met die Suid-Afrikaanse Republiek kan o.m. genoem word: G. A. A. Middelberg (N.Z.A.S.M.) en die tegniese adviseur van die Republiek in Nederland, R. A. I. Snethlage. Albei was lede van die „Instituut,” saam met S. Wierda.

In verband met die geboorteplaas van S Wierda die volgende besonderhede: Mn. Rex vermeld Wijnjeterp en Hemrich. In Friesland kom nie Hemrich voor nie, wel Hemrik. Albei dorpies val onder die munisipaliteit Opsterland, waarvan die dorp Beetsterzwaag die middelpunt vorm. Volgens die jongste volkstelling is die inwonertal van Wijnjeterp saam met twee gehugte 1.524 siele, terwyl die bevolkingsaantal van die naburige Hemrik 679 bedra. Ongetwyfeld sal die burgemeester van Opsterland, p.a. Beesterzwaag (Friesland) hierdie aangeleentheid kan oplos.

Dr. J. Ploeger.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

UNIE-BOEKHANDEL

Kerkstraat 236, Pretoria.

en

VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL

Libriegbou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

UNION BOOK STORE

236, Church Street, Pretoria.

and

VAN SCHAIK'S BOOK STORE

Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy.

Adres van die penningmeester: Posbus 427.
Address of the treasurer: P.O. Box 427.

Genootskap Oud-Pretoria
(Gestig 22 Maart 1948)

Association Old Pretoria
(Founded 22 March, 1948)

Ons doel: Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

Our aim: To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President — THE MAYOR OF PRETORIA — Chairman.
DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA.*

Voorsitter — Dr. W. PUNT — Chairman.

Ondervoorsitter — Dr. V. FITZSIMONS — Vice-Chairman.

Sekretaris — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — Secretary.

Penningmeester — Mnr./Mr. G. RISSIK — Treasurer.

Argivaris — Kapt./Capt. H. DE V. DU TOIT — Archivist.

Redakteur — Dr. T. S. VAN ROOYEN — Editor.

Lede — Mej./Miss J. H. DAVIES — Members.

Mr./Mnr. H. A. DE LOOR.

Mnr./Mr. R. PEACOCK.

Dr. G. W. EYBERS.

Mnr./Mr. H. M. REX.

*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:
Raadslid/Councillor W. J. SEYMORE.*

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422, Bydraes moet gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422.